



Meatmaster Ram Inligting



Meatmaster teling is begin in 1994 deur gebruik te maak van ons uitstekende Damara en Doper stoet- skape van meer as 1000 elk. In 2000 is alle kruisteling gestaak en slegs suiwer Meatmaster skape geteel. In 1994 het ons begin met aantekening en prestasie toetsing en dit maak ons die **OUDSTE MEATMASTER STOET IN DIE Wêreld**. Ons doen alles reg om aan u slegs die beste en mees **winsgewendste Meatmasters te bied. Wenner van die beste kleinvee kudde in S.A. 2015 en 2019**

Ramme van geboorte net op die veld met slegs klipsout as byvoeding. Word ses weke op veld gevoer voor veiling. Al die ramme wat self gebruik was, was November tot middel Januarie 2020 onder die ooie.

Ramme word geselekteer vir parasiet weerstand, maar vir u veiligheid is ramme behandel met n breë spektrum Alle ramme is geënt vir Bloednier en met Rev 1 en as lammers vir Bloutong geënt.

Alle ramme is getoets vir Brucilla Ovis, Brucilla Melitencis en ander geslag siektes. Vrugbaarheid is ook getoets.

Dis baie belangrik om 'n Meatmaster te selekteer wat aan jou behoeftes voldoen en goed vaar in jou toestand

Vir kruisteel doeleindes of vir beter groei selekteer slegs vir ramme met die hoogste **GR (groei index.)**

Om matrenale eienskappe te verbeter soos melk, beter vrugbaarheid en meer meerlinge selekteer vir die hoogste **Rep. index**

Vir harde, moeilike skaap boerdery omstandighede selekteer altyd vir 'n skaap met **meer lyfvet en minder bespierung.**

Vir gemiddelde toestand en Meatmaster teling selekteer vir die skaap met die mees gebalanseerde waardes **LMI index.**

COLLETT FARMING glo nie in lekke of voeding van ons skape nie, behalwe vir ses weke voor 'n veiling indien nodig

Voeding beïnvloed teelwaardes negatief. Ons streef na genetiese verbetering, nie misleiding deur voeding

BLUP teelwaardes en verwagte resultate:

Die BLUP teelwaarde neem nie net in ag die skaap se eie prestasies nie, maar ook dié van sy voorgeslagte en sy nageslag en bied aan ons die akkuraatste genetiese inligting tans moontlik van al die eienskappe wat gemeet word. Teelwaardes word aangedui as n indeks. 100 is altyd gemiddeld, bo 100 beter, onder 100 swakker.

VERDUIDELIKING VAN KATALOGUS INLIGTING

Status: Geboorte status, een twee of drieling.

Generasie: Hulpstamboek A - B - C - SP. Dui aan hoe suiwer die skaap geteel is.

Speen Dir Ind: Is die direkte effek van die skaap se gene op groei tot speen. Ook beïnvloed deur funksionele doeltreffendheid en aanpassing tot die omgewing.

Speen Mat. Ind: Dit is die effek van die moeder of ooi se gene wat die lam se speengewig beïnvloed deur hoofsaaklik melkproduksie en moedereienskappe.

Akk. %: Dui aan die akkuraatheid % van die teelwaardes. Hoe meer bruikbare inligting beskikbaar hoe hoër die akkuraatheid. Onder 30% laag betroubaar - bo 70% hoogs betroubaar.

Naspeen Dir. Ind: Dit is die direkte effek van die skaap se gene vir groei naspeen. Ook beïnvloed deur funksionele A23 doeltreffendheid en aanpassing tot die omgewing.

Groei Ind: Kombinasie van al die gene vir groei. Ook beïnvloed deur funksionele doeltreffendheid en aanpassing tot omgewing.

Rep Ind: 'n Kombinasie van al die gene wat bydra tot hoë vrugbaarheid, lammers wat oorleef en waarde kan toevoeg.

LMI: Logix meriete indeks. Hierdie is 'n enkele indeks wat al die dier se genetiese vermoëns saamvat vir vrugbaarheid, groei oorlewing en die vermoë om maksimale wins te genereer.

Moer lamrekord: 1ste: Ouderdom eerste lam in maande. - **ILP:** Tussen lam periode in dae - **KL:** Kere gelam. - **LB:**Lammers gebore - **LS:** Lammers gespeen - **OPI:** Die ooi se produksie gemeet teenoor haar tydgenote in die stoet.